


© Die Oratorium Uitgewery

# St. Filip Neri
## 26 Mei

(1515-1595)

Hierdie gebore Florentyn word beskou as die Tweede Apostel van Rome as gevolg van die geweldige invloed wat hy in sy tyd op die middelpunt van die Kerk uitgeoefen het. Syne was inderdaad 'n unieke persoonlikheid. Hy was 'n diep mistikus, iemand wat urelank alleen in die katakombes gebid het, maar wat ook die Evangelie op die strate en markpleine van die wêreldstad deur 'n apostolaat van persoonlike vriendskappe uitgeleef het met die biegstoel en sakrament van versoening as instrument om tallose siele na God te lei. Hy was ook 'n laggende heilige, 'n grapjas wat nooit ligsinnig was nie en wie se opgeruimdheid opreg en aansteeklik was en altyd mense laat nadink het oor dit wat regtig saak maak. Hy stig die Kongregasie van die Oratorium waar die beste van die plaaslike kultuur ingespan is om die waarheid van die Evangelie uit te dra. Hy weier alle eretitels en kerklike ampte wat hom aangebied is en was terselfdertyd die vertroueling van pouse en prinse en die vriend van ambagsmanne en behoeftiges. Hy skryf geen geleerde boeke nie, maar fasiliteer byeenkomste waar daar met geesdrif en gelei deur gebed vrymoedig oor die dinge van God gepraat is. Nadat hy in Rome aangekom het, het hy nooit weer die stad verlaat nie en tog sou die hervorming wat hy byna ongesiens in die hart van die Christendom bewerk het tot aan die uiteindes van die aarde deurwerk. Hy is begrawe in die kerk van Santa Maria in Vallicella.